

7. BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die probleemstelling, die aktualiteit, die doelstellings en die ondersoekmetode en -program kortliks aangestip sodat op basis van dié oorsig oorgegaan kan word tot die stel van bevindinge. In die proses wat lei tot die stel van bevindinge, die formulering van verdere navorsingsmoontlikhede en die slotsom van dié hoofstuk moet eerstens vasgestel word of die navorsingsdoelstellings (vgl. paragraaf 1.4) bereik is; tweedens, of die bevindinge die navorsingsprobleem opgelos het.

7.2 Probleemstelling en aktualiteit van die navorsing

In paragraaf 1.2 is as navorsingsprobleem aangetoon dat ouer-onderwyserkontak dikwels eerder op aanvoeling as op 'n fundamenteel-opvoedkundige basis berus, omdat die aard van ouer-onderwyserkontak nog nie volledig omskrywe en begryp is nie en die kontakterreine nog nie volledig met behulp van die prinsipiële besinnende metode geïdentifiseer en ontleed is nie. Met hierdie navorsingsprobleem in gedagte en met die feit dat daar by opvoedkundiges (Bingle, 1986: 543; Taylor, 1977: 311-317) bekommernis bestaan oor die professionele status van die onderwyser, is daar uit 'n literatuurondersoek (Kruger, 1982 en 1983; Kritzinger, 1984; Van Schalkwyk, 1983; Duvenage, 1980(a)) en antwoorde op vraelyste (vgl. Bylaag 2) aangetoon dat hierdie navorsing aktueel is. Uit die literatuurondersoek en die response op die vraelyste het dit geblyk dat die volgende probleemareas in ouer-onderwyserkontak die algemeenste voorkom:

- negatiewe gesindhede by ouers en onderwysers ten opsigte van ouer-ouderwyserkontak;
- kommunikasiegapings in die kontak tussen ouers en onderwysers;
- oningeligtheid by ouers en onderwysers oor ouer-ouderwyserkontak as gevolg van gebrekkige of geen opleiding of inligting in verband met kontakwyses;
- onsekerheid oor die aard, struktuur en kompetensiereine van samelewingsverbande (veral die ouerhuis en die skool);
- gebrekkige vennootskap tussen ouers en onderwysers in ouer-ouderwyserkontak;
- minder effektiewe ouer-ouderwyserkontak in die RSA, en
- weinig of geen ouerinspraak in opvoedende onderwyssake op statutêre vlak in die RSA.

Bogenoemde uitstippeling van die navorsingsprobleem en waarom die navorsing oor ouer-onderwyserkontak aktueel is, hou ten nouste verband met die doelstellings van die navorsing en die bevindinge waartoe gekom word. Die navorsingsprobleem, die aktualiteit van die navorsing en die doelstellings wat vir die navorsing gestel is, het uiteindelik grotendeels die struktuur en metode van die ondersoek sowel as die navorsingsprogram gerig en bepaal.

7.3 Doelstellings en bevindinge

7.3.1 *Inleiding*

In hierdie paragraaf kom 'n kort oorsig van die navorsingsmetodes wat gebruik is, aan die orde, en daarna word verwys na die program van ondersoek. Dit is noodsaaklik om weer (vgl. paragrawe 1.5 en 1.7) die navorsingsmetode en die program van ondersoek kortliks aan te toon, want langs hierdie weg kon in die bereiking (aldan nie) van die doelstellings tot sekere resultate, bevindinge en aanbevelings gekom word, wat verderaan aangetoon word.

7.3.2 *Navorsingsmetode toegepas*

Soos dit in paragraaf 1.5 uiteengesit is, is daar van die volgende metodes gebruik gemaak:

- * *Literatuurstudie* as een van die metodes om: die aktualiteit van die navorsingsonderwerp aan te toon (vgl. paragraaf 1.3); na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak deur die eeue te soek (vgl. Hoofstuk 2); 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser te omlin (vgl. Hoofstuk 3); die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir die hantering van ouer-onderwyserkontak in die loop van die geskiedenis en in enkele ander lande te gebruik (vgl. Hoofstuk 5), en om die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderswysvlak aan te wend.
- * *Historiese gewig gekoppel aan 'n kort ongestruktureerde vraelys* om die aktualiteit van die navorsingstema te bepaal. (Vgl. paragraaf 1.3).
- * *Prinsipiële-besinnende metode* as een van die metodes om 'n samelewingsteoretiese model te ontwerp. (Vgl. Hoofstuk3).

- * *Probleem-historiese metode* as een van die metodes om na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model deur die eeue te soek (vgl. Hoofstuk 2) en om ouer-onderwyserkontak in die loop van die geskiedenis aan die hand van die samelewingsteoretiese model te evalueer. (Vgl. Hoofstuk 5).
- * *Transendentiaal-kritiese metode* om te soek na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model deur die eeue (vgl. Hoofstuk 2) deur krities met bepaalde filosowe en opvoedkundiges in gesprek te tree.
- * *Vergelykende metode* om ouer-onderwyserkontak in ander lande aan die hand van die samelewingsteoretiese model te evalueer. (Vgl. Hoofstuk 5).
- * *Fenomeen-analitiese metode* om 'n ontleding van die verskynsel *ouer-onderwyserkontak* as verdere toets vir die samelewingsteoretiese model, te maak. (Vgl. Hoofstuk 4).
- * *Die metode van onderhoudvoering* om inligting insake ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak te bekom. (Vgl. Hoofstuk 6).

7.3.3 Program van ondersoek

Die ondersoekprogram soos in paragraaf 1.7 uiteengesit, is gevolg. Die ondersoekprogram kom saaklik op die volgende stappe neer:

- * 'n omvattende literatuurstudie;
- * die uitstuur, ontvangs en verwerking van vraelyste en antwoorde daarop (vgl. Bylae 1 en 2 en Hoofstuk 1);
- * die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model deur die eeue (vgl. Hoofstuk 2);
- * die ontwerp van 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak (vgl. Hoofstuk 3);
- * 'n fenomeen-analise van ouer-onderwyserkontak as verskynsel ten einde die aanvaarbaarheid en die werkbaarheid van die samelewingsteoretiese model te verifieer (vgl. Hoofstuk 4);
- * die toetsing van ouer-onderwyserkontak aan die hand van die samelewingssteoretiese model in die geskiedenis en in ander lande (vgl. Hoofstuk 5), en
- * die kritiese beoordeling van ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak aan die hand van die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 6).

7.3.4 Resultate van die ondersoek

7.3.4.1 Oriëntering

'n Uiteensetting van die resultate van die ondersoek word in hierdie paragraaf aan die hand van die volgende prosedure onderneem:

- * Eerstens word die besondere doelstellings van die navorsing weer (vgl. paragraaf 1.4.2) geformuleer.
- * Tweedens word vasgestel of elke besondere doelstelling deur die loop van die ondersoek bereik is.
- * Derdens word die algemene doelstelling weer gegee. (Vgl. paragraaf 1.4.1).
- * Laastens word bepaal of die algemene doelstelling met die navorsing bereik is.

7.3.4.2 Besondere doelstellings en bevindinge

Die volgende besondere doelstellings is in paragraaf 1.4.2 gestel:

- Par.1.4.2.1 Die *terreine* vir kontak tussen ouer en onderwyser moes noukeurig geïdentifiseer word sodat die onderwyser se taak om kontak met die ouer te bewerkstellig en die ouer se verantwoordelikheid om kontak met die onderwyser te bewerkstellig, duidelik omlin kon word.
- Par.1.4.2.2 Uit 1.4.2.1 vloei voort dat die presiese *aard* van die kontak tussen ouer en onderwyser op elke geïdentifiseerde kontakterrein fundamenteel-opvoedkundig omlin moes word. Die vasstelling van die prinsipiële *aard* van die kontak kon lei tot 'n presisering van die onderwyser se taak om kontak met die ouer te verlang en die ouer se verantwoordelikheid om kontak met die onderwyser te verkry.
- Par.1.4.2.3 Die implikasies van die fundamenteel-opvoedkundige presisering van die kontak tussen ouer en onderwyser moes vir die verskillende onderwysvlakke (mikro-, meso- en makro-onderwysvlakke) aangedui word.

* * *

- Par.1.4.2.1 Besondere doelstelling in paragraaf 1.4.2.1 is bereik naamlik die identifisering van terreine vir ouer-onderwyserkontak want:

Die terreine van kontak tussen ouers en onderwysers is aangetoon in Hoofstuk 6. Dit het gedurende die ondersoek duidelik geword dat ouers en onderwysers op mikro-, meso-, en makro-onderwysvlak met mekaar kontak maak.

Op mikro-onderwysvlak is die kontakterreine hoofsaaklik afgespits op persoonlike en direkte kontak tussen ouers en onderwysers op plaaslike vlak in belang van die skoolse opvoedende onderwys van die kinders. By hierdie mikro-onderwysvlakkontakterreine word ingereken die plaaslike skool in al sy bedrywighede, asook die beheer en bestuur van die betrokke skool (bestuursrade) op plaaslike vlak en plaaslike ouerverenigings en ouer-onderwyserkomitees. In Tabel 6.1 is die volgende areas as verdere kontakterreine op mikro-onderwysvlak aangedui: godsdienstige verenigings, kultuur-, skoolversierings-, skoolfonds-, debats-, sport-, kunsfees-, prysuitdelings-, buitemuurse rooster-, vakkomitees, persoonlike kommunikasie en onderhoude, ouerverrykingsaksies, ouerhulp met tuisopdragte van kinders, seksvoorligtingkomitees en orto-opvoedkundige komitees waarby ouers en onderwysers betrokke is.

In paragraaf 6.2.2.1 (Tabel 6.1) is nie net die terreine vir ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak geïdentifiseer nie, maar daar is ook aangetoon op watter wyse die kontak behoort plaas te vind. Die nadruk het veral op die bevoegdheidsterreine van ouers sowel as onderwysers geval, naamlik dat die ouers as primêre opvoeders van hulle kinders moet toesien dat die skoolse opvoedende onderwys se gees en rigting met dié van die ouerhuise ooreenstem. (Vgl. in hierdie verband paragraaf 3.3.3.4). Aan die ander kant moet die onderwysers as professioneel-opgeleide opvoeders in die eerste plek begaan wees oor die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van die leerlinge. (Vgl. paragraaf 3.3.4.4).

In Hoofstuk 6 is besondere doelstelling 1.4.2.1, wat die noukeurige identifisering van kontakterreine tussen ouers en onderwysers in die vooruitsig stel, dus eerstens ten opsigte van ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak bereik. Die ouers en onderwysers se take en verantwoordelikhede ten opsigte van ouer-onderwyserkontak kan gevolglik duidelik omlyn word.

Waar ouer-onderwyserkontakterreine op meso-onderwysvlak ter sprake kom, word ouerverteenwoordiging op georganiseerde basis, veral waar die toesig en beheer van meer as een skool op streeksvlak in die visier kom, bedoel. In paragraaf 6.2.4 is kontakterreine tussen ouers en onderwysers op meso-onderwysvlak aan-

gedui as: onderwys-¹⁾, streeks-, skoolrade en die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys.

Ten opsigte van makro-onderwysvlak word bedoel die kontakterreine tussen ouers en onderwysers (of hulle verteenwoordigers) op die "hoogste" informele en georganiseerde (regerings-) vlak. As voorbeelde van kontakterreine op informele basis is die volgende behandel: die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969 (paragraaf 5.3.2.3) en die Afrikaneronderwyskongres, 1982 (paragraaf 5.3.4). Op formele makro-onderwysvlak mag die voorsitter van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys en hierdie liggaam se Nasionale Hoofbestuur direk met die Minister van Nasionale Onderwys onderhandel (vgl. paragraaf 5.3.5.3) en as verdere kontakterreine op makro-onderwysvlak op 'n formele statutêre basis is aangetoon en behandel die vergadering van die Loodskomitee vir Kurrikulerings- en Eksamineringsondersoeke (vgl. paragraaf 6.2.5.2) asook die verteenwoordiging van die ouers in die persoon van die voorsitter van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys op die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO). (Vgl. paragraaf 6.2.6.1).

Uit die identifisering van kontakterreine op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak is dit duidelik dat ouer-onderwyserkontak die sterkste figureer op mikro-onderwysvlak, want die meeste kontakterreine waar ouers en onderwysers mekaar die gereeldste ontmoet, is op mikro-onderwysvlak waar opvoedende onderwys werklik plaasvind. Op meso- en makro-onderwysvlak is die kontakterreine minder en dié wat daar is, word nog nie ten volle benut nie. (Vgl. paragraaf 7.6).

Besondere doelstelling 1.4.2.1 is dus bereik in dié opsig dat die belangrikste kontakterreine vir ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak geïdentifiseer is.

par.1.4.2.2. Besondere doelstelling 1.4.2.2, naamlik die vasstelling van die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak en ouers en onderwy-

1) Hier kan die volgende twee rade in Suid-Afrika, soos behandel in paragraaf 6.2.6, ingereken word: Die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO) en die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (SAOR). Die Land-ouerkomitees in Wes-Duitsland (vgl. paragraaf 5.4.3.2) kan ook as voorbeeld genoem word.

sers se verantwoordelikhede en take tot kontaksluiting¹⁾ is bereik, want:

Die vasstelling van die prinsipiële aard van ouer-ouderwyserkontak is die kern waaroor hierdie navorsing gehandel het. Om presies te kon vasstel wat die prinsipiële aard (i.c. fundamenteel-opvoedkundige tiperende individualiteit of innerlike wese) van ouer-ouderwyserkontak behels, moes daar allereers besin word oor die aard en struktuur van die twee samelewingsverbande wat direk by ouer-ouderwyserkontak betrokke is, naamlik die ouerhuis/gesin en die skool. 'n Prinsipiële besinning oor die ouerhuis/gesin en skool as samelewingsverbande moes deel vorm van die navorsingsgebied, want ouers is lede van die ouerhuis/gesin as samelewingsverband en onderwysers is lede van die skool as samelewingsverband, en ouers en onderwysers staan nie los van hulle onderskeie samelewingsverbande as hulle met mekaar kontak maak nie.

Die ouerhuis en die skool bestaan egter nie in isolasie in die samelewingswerklikheid nie; intendeel, hierdie twee samelewingsverbande is ingebed in 'n omvattende samelewingsopset waarvan die staat en die kerk twee van die belangrikste samelewingsverbande is waarmee die ouerhuis en die skool te doen kry. (Vgl. paragraaf 3.3.1). Daarom was dit nodig om 'n samelewingsteoretiese model te ontwerp (vgl. Hoofstuk 3) wat die aard, struktuur en bevoegdheids-terreine van veral die ouerhuis en die skool (soos van ander samelewingsverbande) kan omlyn.

Met die samestelling van die ondersoekprogram, onder andere met die oog op die bereiking van doelstelling 1.4.2.2, het dit duidelik geword dat om by 'n samelewingsteoretiese model uit te kom, dit noodsaaklik sou wees om op een of ander manier na die komponente en die kontoere van so 'n model te soek. Omdat samelewingsverbande as deel van God se skepping tydsgebonde is (vgl. paragraaf 3.2.6.3) en deur die loop van jare ontstaan, bestaan en ontwikkel, was die

1) As ouers en onderwysers weet wat die *prinsipiële aard* van ouer-ouderwyserkontak behels, impliseer hierdie kennis van ouer-ouderwyserkontak ook dat beide partye hulle verantwoordelikhede en take om kontak te bewerkstellig daaruit kan aflei. Daarom word daar verderaan in hierdie paragraaf nie elke keer eksplisiet omskryf wat ouers en onderwysers werklik moet doen nie. Buitendien lê die praktiese voorskrifte van presies hoe te werk gaan moet word om kontak te bewerkstellig buite die terrein van hierdie fundamenteel-opvoedkundige ondersoek. (Vgl. paragraaf 7.6).

aangewese weg wat gevolg moes word, 'n soektog deur die eeue na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model. (Vgl. Hoofstuk 2). Die resultaat van die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model (die resultaat synde 'n Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese model in Hoofstuk 3) is op die bevinding soos geformuleer in paragraaf 2.3 gegrond. Genoemde bevinding dui daarop dat apostatiese of dualistiese beskouinge oor samelewingsverbande (vgl. paragrafe 2.2.2 tot 2.2.4) afgewys moes word op grond van hulle verwerping van Skrifgefundeerde grondslae. Skrifgefundeerde grondslae moes in die besinning oor samelewingsverbande as die belangrikste bepalers vir 'n samelewingsteoretiese model dien, omdat die Drie-enige God van die Heilige Skrif die Skepper en Onderhouer van die ganse skepping is. (Vgl. paragraaf 3.1). Die anastatiese beskouinge van reformatoriese denkers, wie se beskouinge oor samelewingsverbande gerig is deur die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees, is as grondslag vir die ontwerp van 'n samelewingsteoretiese model in Hoofstuk 3 aanvaar. 'n Eerste belangrike stap is sodoende geneem in die bepaling van die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak, want daar is deur middel van die probleem-historiese metode, die prinsipiële-besinnende metode sowel as die transendentalkritiese metode (vgl. paragraaf 7.3.2) in Hoofstuk 2 vasgestel dat ouer-onderwyserkontak na sy aard God-gerig moet wees om doelmatig te funksioneer.

Die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak het baie duidelik uit die verfyning gekom in Hoofstuk 3 waar 'n samelewingsteoretiese model ontwerp is. Die belangrikste riglyne volgens paragraaf 3.4, wat geldend vir die tipering van die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak is, is die volgende:

- * God se wet verseker die ordelike bestaan en voortbestaan van ouer-onderwyserkontak.
- * Doelmatige ouer-onderwyserkontak kan slegs plaasvind as die een samelewingsverband (i.c. die ouerhuis of die skool) nie die bestaans- en funksioneringsterrein van die ander een (i.c. die ouerhuis of die skool) oortree nie. Kortom, die beginsel van soewereiniteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.4) moet erken en toegepas word in ouer-onderwyserkontak. So het die ouerhuis as primêre samelewingsverband 'n unieke struktuur en 'n eie ouerhuislike opvoedingstaak (vgl. paragraaf 3.3.3) en die skool as sekondêre samelewingsverband 'n eie skoolse opvoedende onderwystaak (vgl. paragraaf 3.3.4).
- * Die ouerhuis en die skool is as samelewingsverbande enkapties vervleg; daarom is daar samewerkingsterreine (vgl. Figuur 3.2) wat ouer-onderwyser-

kontak noodsaak. Hierdie samewerkingsterreine is in Tabel 6.1 geïdentifiseer. (Vgl. ook paragraaf 7.3.4.2.1).

Daar is, as finale uitkoms van die ondersoek in Hoofstuk 3 aangetoon dat die prinsipiële aard van doelmatige ouer-onderwyserkontak bepaal word deur die onderlinge erkenning van die bevoegdheidsterreine van die ouerhuis en die skool. Vir die skool lê sy bevoegdheid in die ontsluiting van die logies-analitiese vermoëns van die leerlinge, en vir die gesin in die liefdevolle (etiese) versorging van die kinders. Die verbondsouers moet in hulle kontak met die onderwysers van hulle kinders bepaal of die opvoedende onderwys in die skool en al die bedrywighede wat daarmee in verband staan, in gees en rigting ooreenstem met die lewensopvatting van die ouerhuis.

Die ouer-onderwyserkontak wat aan die hand van 'n fenomeenanalise in Hoofstuk 4 geverifieer is, het die tiperende individualiteit of innerlike wese (i.c. prinsipiële aard) van ouer-onderwyserkontak duidelik aangedui, want die bestaan van ouer-onderwyserkontak as verskynsel wat van alle ander verskynsels verskil, se innerlike aard is in die analise aangetoon.

Die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak is verder gepresiseer deur van die ontwerpte samelewingsteoretiese model as toetssteen gebruik te maak om ouer-onderwyserkontak in die geskiedenis van die Blankeonderwys in Suid-Afrika en in enkele ander lande te evalueer. Deur die toetsing van ouer-onderwyserkontak in die geskiedenis van die Blankeonderwys in Suid-Afrika tot 1910 (vgl. paragraaf 5.2.6) aan die hand van die samelewingsteoretiese model, is bevind dat waar ouers van hulle primêre opvoedingseggenskap ontnem word, die aard van ouer-onderwyserkontak in sy wese aangetas word. Waar ouers alleen skole in stand wou hou, byvoorbeeld die Christelik-nasionale onderwys, 1901-1906 (vgl. paragraaf 5.2.5.5), kon ouer-onderwyserkontak en opvoedende onderwys ook nie tot hulle reg kom nie. Die fyn ewewig wat daar gehandhaaf moet word tussen die erkenning van verskillende bevoegdheidsterreine en die besef dat daar terreine is waar samewerking tussen ouers en onderwysers onvermydelik is, skyn een van die belangrikste bepalende faktore vir doelmatige ouer-onderwyserkontak te wees. Dus vorm dit die wesenskenmerk van die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak. Hierdie delikate ewewig was ook van deurslaggewende belang in die evaluering van kontemporêre ontwikkelinge in ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika vanaf 1910 tot 1986. (Vgl. paragraaf 5.4.4).

Waar die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak nie noukeurig nagevors, begryp, en in die ouer-onderwyserkontakhandeling verwerklik word nie, ontstaan allerlei probleme, soos aangetoon in paragraaf 6.2.2.2. So kan die korrekte opvoedkundige hantering deur ouers en onderwysers in vennootskap van verskillende tipe gesinne, vennootskapsvorming, onderhoudvoering en kommunikasie, hulpverlening van ouers met die huiswerk van hulle kinders, hantering van kinders met gedragsprobleme en die opleiding van onderwysers vir doelmatige ouer-onderwyserkontak slegs plaasvind as ouer-onderwyserkontak na sy prinsipiële aard reg geken, verstaan en toegepas word.

Samevattend kan dus geponeer word dat besondere doelstelling 1.4.2.2 deur middel van die navorsing bereik is in dié sin dat ouer-onderwyserkontak na sy prinsipiële aard deurlopend in hierdie navorsing (-sverslag) gepresiseer is. Die ouer en onderwyser kan, op grond van kennis en begrip van die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak, sodanige kontak doelmatig verwerklik ter bevordering van die opvoedende onderwys van die kinders/leerlinge.

par.1.4.2.3 Die bereiking van die besondere doelstelling 1.4.2.3, naamlik die aanduiding van die implikasies van die presisering van ouer-onderwyserkontak vir mikro-, meso- en makro-onderwysvlakke:

Die toetsing van kontakareas en -wyses tussen ouers en onderwysers op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak aan die hand van die samelewingsteoretiese model, waarin ouer-onderwyserkontak prinsipiëel gepresiseer is, het die volgende aan die lig gebring:

- * Ouer-onderwyserkontak figureer sterker op mikro-onderwysvlak as op meso- en makro-onderwysvlakke.
- * Bepaalde probleemareas ten opsigte van ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak is geïdentifiseer en aan die hand van die samelewingsteoretiese model is oplossings aanbeveel wat tot meer doelmatige ouer-onderwyserkontak kan bydra (vgl. paragraaf 6.2.2.2), byvoorbeeld doelmatiger vennootskapsvorming, beter kommunikasie, toerusting van ouers en onderwysers vir doelmatiger ouer-onderwyserkontak en dies meer.
- * Na die evaluering van eksemplare van ouer-onderwyserkontak aan die hand van die samelewingsteoretiese model op mikro- (’n ouerdag van ’n hoërskool, paragraaf 6.2.3), meso- (die vergadering van die Loodskomitee vir Kurrikulerings- en Eksamineringsondersoeke, paragraaf 6.2.5) en makro-onderwysvlak (Die Af-

rikaneronderwyskongres (1982), paragrawe 5.3.4 en 6.2.6) is bevind dat die samelewingsteoretiese model soos uiteengesit in Hoofstuk 3, inderdaad 'n lewensvatbare en empiries werkbare maatstaf is. Aan hierdie model kan alle fasette van ouer-onderwyserkontak getoets word, want bepaalde leemtes in ouer-onderwyserkontak kon uitgewys word en oplossings wat kan lei tot doelmatige ouer-onderwyserkontak op grond van die samelewingsteoretiese model kon aan die hand gedoen word.

Besondere doelstelling 1.4.2.3 is dus deur middel van hierdie navorsing bereik. Die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak soos dit gestalte in die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) as riglyn en toetsmaatstaf gevind het, kon as doelmatige verifikasie-middel vir ouer-ouderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak dien.

7.3.4.3 Die algemene doelstelling en bevindinge

Die bereiking van die drie besondere doelstellings in dié navorsing het gelei tot die bereiking van die algemene doelstelling, naamlik om 'n prinsipiële of fundamenteel-opvoedkundige presisering van die aard van die kontak van die ouer met die onderwyser te bereik. Verder is kontakterreine fundamenteel-opvoedkundig geïdentifiseer. Dit het gelei tot die neerlê van duidelike uitgangspunte en riglyne waarvolgens die onderwyser professionele kontak met die ouer kan soek en die ouer met die onderwyser kan saamwerk, sonder dat die professionele bevoegdheid van die onderwyser of die kompetensierrein van die ouer, in gevaar gestel word.

7.4 Algemene gevolgtrekking

Ouers as die primêre opvoeders van hulle kinders (vgl. paragraaf 3.3.3.3) het die verantwoordelike taak om nie net hulle kinders tuis tot eer van God drie-enig en tot naastediens op te voed nie, maar ook om toe te sien dat die skoolse opvoedende onderwys wat deur professioneel-opgeleide onderwysers behartig word, aansluit by die gees en rigting van die ouerhuislike opvoeding. (Vgl. paragraaf 3.3.3.5.2). Om sodanige reformatoriese (Skrifgefundeerde) opvoedende onderwys in skole te verseker moet ouers en onderwysers as vennote (vgl. paragraaf 6.2.2.2.3) doelmatig met mekaar kontak maak. Doelmatige ouer-ouderwyserkontak kan slegs plaasvind as ouers en onderwysers presies weet wat die fundamenteel-opvoedkundige (d.i. prinsipiële aard) van ouer-ouderwyserkontak behels. In hierdie ondersoek is gepoog om die fundamenteel-opvoedkundige aard van ouer-

onderwyserkontak te presiseer in die vorm van 'n samelewingsteoretiese model, wat met vrug deur belanghebbendes in kontaksituasies toegepas sou kon word.

7.5 Aanbevelings op grond van die navorsing

Die bevindinge (vgl. paragraaf 7.3.4) en die algemene gevolgtrekking waartoe gekom is, dui daarop dat die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) met vrug in die praktyk as toetsinstrument vir doelmatige ouer-onderwyserkontak aangewend kan word; daarom is wye bekendstelling daarvan op die volgende wyses en terreine gewens en selfs noodsaaklik:

- * Opleiding van onderwysstudente om kennis oor die toepassing van die samelewingsteoretiese model te verkry.
- * Bekendstelling van die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir ouer-onderwyserkontak in die nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad, die *SAOR-bulletin*.
- * Die insluit van die samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak in die kurrikulums van die Opleidingskollege vir Verdere Onderwys (OKVO).
- * Die Sentrum vir Ouerbetrokkenheid by Opvoeding en Onderwys (S000) kan ouers, onderwysers en opvoedkundiges deur middel van verrykingskursusse en publikasies inlig en voorligting gee oor die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir doelmatige ouer-onderwyserkontak.
- * Die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys (AOV) kan die samelewingsteoretiese model en die implimentering daarvan vir doelmatige ouer-onderwyserkontak deur middel van omsendskrywes aan sy takke en lede bekendstel.
- * Die verskillende onderwysdepartemente kan die samelewingsteoretiese model en die gebruik daarvan as toetssteen vir doelmatige ouer-onderwyserkontak inbou in die leerinhoude van hulle opknappingskursusse vir onderwysers en hoofde.

7.6 Verdere navorsingsmoontlikhede wat deur hierdie ondersoek ontsluit is

Aangesien hierdie navorsing 'n wye veld moes dek, was daar bepaalde terreine wat noodgedwonge slegs oorsigtelik aan die orde kon kom. Hierdie terreine of navorsingareas word vervolgens aangedui met die oog op moontlike verdere navorsing;

- * Afgesien daarvan dat daar in paragraaf 6.1 aangetoon is dat sekere bevindinge van hierdie navorsing (i.c. fundamenteel-opvoedkundige bevindinge soos vervat in die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 omlin is) waar die sekondêre skool as vertrekpunt geneem is, met moontlike geringe graduele wysigings net so van toepassing gemaak sou kon word op ouer-ouderwyserkontak in preprimêre, primêre skole asook op ouer-dosentkontak in die tersiêre onderwys, is uitgebreide ondersoeke noodsaaklik om omvattende fundamenteel-opvoedkundige kennis van hierdie ander kontakterreine bloot te lê.
- * In hierdie navorsing is slegs op ouer-ouderwyserkontak in die formele onderwys gekonsentreer. Informele en nie-formele onderwys (vgl. paragraaf 6.1) en die rol wat ouer-ouderwyserkontak op hierdie terreine speel, is 'n hele afsonderlike studieveld wat spesifieke navorsing regverdig. (Vgl. Duvenage, 1980(a): 1; Van Schalkwyk, 1983: 36; Schutte, 1984(a): 13e.v.).
- * Ouer-ouderwyserkontak is net in twee oorsese lande, naamlik in die Verenigde State van Amerika en in Wes-Duitsland in oënskou geneem. (Vgl. paragrawe 5.4.2 en 5.4.3). Omvattende ondersoeke oor ouer-ouderwyserkontak in meer lande is noodsaaklik, veral met die oog daarop om dié verworwe kennis profytlik vir Suid-Afrikaanse omstandighede aan te wend.
- * In hierdie navorsing is by die evaluering van ouer-ouderwyserkontak aan die hand van die samelewingsteoretiese model hoofsaaklik op die Blankeonderwyswese in die RSA gekonsentreer. Ouer-ouderwyserkontak in die Kleurling-, Indiër- en Swartonderwyswese is verdere navorsingsterreine wat nog, sover vasgestel kon word, braak lê en navorsing hieroor is veral in die lig van die huidige toestande in die RSA dringend noodsaaklik.
- * Die noodsaaklikheid van doelmatige ouer-ouderwyserkontak as essensiële voorvereiste vir effektiewe skoolse opvoedende onderwys het dwarsdeur hierdie navorsing duidelik geblyk. Daar is ook vasgestel dat ouer-ouderwyserkontak in die RSA nie altyd en oral ten volle tot sy reg kom nie. So kan ouer-ouderwyserkontak op makro-ouderwysvlak, veral waar dit formele statutêre kontakpunte geld, meer funksioneel en gereelder plaasvind. Ondersteunende navorsing om sodanige kontak te bewerkstellig, is noodsaaklik.
- * Die algemeen-voorkomende negatiewe gesindhede by ouers en onderwysers in verband met ouer-ouderwyserkontak (vgl. paragraaf 6.2.2.2.4) wat moontlik aan oorbetrokkenheid of onderbetrokkenheid van ouers en/of onderwysers gewyt kan word, het moontlik ook ander oorsake (en moontlike oplossings) wat

nog nie in hierdie navorsing geïdentifiseer is nie, en dit vereis omvattender navorsing.

- * Ten slotte kan daar nog, soos in paragraaf 7.3.4.2.2 aangetoon is, ondersoeke onderneem word om vas te stel hoe daar te werk gegaan kan/behoort te word deur onderwysers en opvoedkundiges om konkrete praktiese werkwyses en optredes uit te stippel vir doelmatige ouer-onderwyserkontak¹⁾.

7.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die doelstellings soos geformuleer in paragraaf 1.4 met die navorsing bereik is. Daar is van verskeie navorsingsmetodes afsonderlik en geïntegreerd gebruik gemaak om tot die bevindinge, aanbevelings en gevolgtrekking, soos geformuleer en bespreek in paragrawe 7.3.4, 7.4 en 7.5 te kom. Hierdie navorsing het ook verskeie navorsingsterreine, soos aangedui in paragraaf 7.6, blootgelê.

¹⁾ Scholtz, 1973, 1974, 1976 en 1981 het reeds waardevolle navorsingswerk in hierdie verband gedoen waarop voortgebou kan word.